2025

KWARTAAL 1:4 / TERM 1:4

DIE WOLWESPOOR

HOËRSKOOL FERDINAND POSTMA HIGH SCHOOL

Live as if you were to die tomorrow. Learn as if you were to live forever - Mahatma Gandhi

Philip Gricius

DIE ALFA-VERSLAG

Beste Ouers en Ferdie-familie

Sjoe, maar ons Ferdie-leerders en onderwysers was weer die afgelope twee weke baie besig. Dit was pure plesier om te kon aanskou hoe ons leerders ontwikkel, gevorder en presteer het. Met gelukkige harte en ‘n positiewe ingesteldheid het elke Ferdie sy of haar kant gebring.

Ferdies is onlangs weer deur die Nasionale Departement van Onderwys met ‘n toekenning vereer vir ons akademiese uitnemendheid. Baie geluk aan juffrou Wika Bezuidenhout en haar matriekklas van 2024 met daardie skittermooi prestasie. Ek het deur die week verneem dat daar nog sulke toekennings op pad is. Ferdie-personeel is personeel van aksie en kwaliteit wat verbind is tot uitnemendheid. Daar vind elke dag ekstra klasse plaas en die ekstra myl wat die onderwysers stap, getuig van hulle toewyding en passie vir hulle vakke. Ek is ook baie dankbaar vir ons leerders se positiewe ingesteldheid om van hierdie geleenthede gebruik te maak en al die klasse gereeld by te woon.

Kultuur is volstoom aan die gang en die leerders neem met groot opgewondenheid aan al die verskillende kultuuraktiwiteite deel. Ek sien met entoesiasme uit na die eerste optredes waar die leerders ons met hulle kultuurtalente gaan vermaak.

Van die eerste wintersporte het reeds afgeskop en dit was lekker om die ouers langs die sportvelde te kon sien en met hulle te kon gesels. Dankie vir julle wonderlike ondersteuning en aanmoediging. Dankie ook vir almal se betrokkenheid by die kleiner sportsoorte wat oor naweke regoor die hele provinsie versprei is. Elke leerder se positiewe deelname is ‘n riem onder die hart.

Die projek vir die bou van die rugbyspankamer onder die pawiljoen vorder redelik goed. Ek doen ‘n beroep op al die ouers en Ferdie-gemeenskap om mnr. Donnovan Serfontein te skakel indien u betrokke kan raak by die projek of hom kan verwys na persone of instansies wat graag betrokke sal wil raak. In April skop ons af met ons tweede projek, naamlik ons buitelug-kultuurverhoog.Hierdie gaan ook ‘n spogfasiliteit van die skool wees wat die kultuuratmosfeer net meer aanloklik gaan maak.

Ek doen ‘n ernstige beroep op ons ouers om die brief rondom padveiligheid en verkeersvloei rondom ons skool te bestudeer en by die nuwe reëls te hou. Motoriste mag nie vinniger as 20km/h voor die skool ry wanneer dit spitsverkeer is en daar ‘n groot getal leerderbeweging is nie. Moet asseblief nie U-draaie voor die skool maak nie! Ry net verder in die straat af en dan is daar genoegsame aansluitroetes. Kom ons wees almal verantwoordelik ten einde ‘n veilige verkeersomgewing te kan skep.

Weereens baie dankie vir elke ouer se betrokkenheid en heelhartige ondersteuning. Saam kan ons die beste moontlike geleenthede vir ons kinders skep en bied.
Ons leer! Ons leef! Ons lei!

Ferdie-groete.

Mnr. M Smit
Skoolhoof

THE ALPHA REPORT

Dear Parents and Ferdie Family

Wow, our Ferdies learners and teachers have been extremely busy over the past two weeks! It has been a pure joy to witness how our learners have developed, progressed, and excelled. With happy hearts and a positive mindset, every Ferdie has done their part.

Ferdies was recently honoured once again by the National Department of Education with an award for our academic excellence. Congratulations to Mrs Wika Bezuidenhout and her 2024 matric class on their outstanding achievement! I have also heard that more awards are on the way. Ferdie staff are people of action and quality, committed to excellence. Extra classes take place daily, and the extra mile that our teachers go is proof of their dedication and passion for their subjects. I am also very grateful for our learners' positive attitude in making use of these opportunities and attending all their classes regularly.

Culture is in full swing, and the learners are enthusiastically participating in the various cultural activities. I am eagerly looking forward to the first performances, where our learners will entertain us with their cultural talents.

Some of the first winter sports have already started, and it was wonderful to see the parents alongside the sports fields and to have the chance to chat with them. Thank you for your amazing support and encouragement! Thanks also to everyone involved in the smaller sports, which are spread across the province over weekends. Every learner's positive participation is truly heartwarming.

The project for building the rugby team's locker room underneath the pavilion is progressing well. I urge parents and the Ferdie community to get in touch with Mr Donnovan Serfontein if you can assist with the project or to refer him to individuals or organisations that may be interested in getting involved. We are kicking off our second project—an outdoor cultural stage in April. This will be another fantastic school facility that will further enhance the cultural atmosphere.

I would like to make a serious appeal to our parents to review the letter regarding road safety and traffic flow around our school and to adhere to the arrangements. Motorists must not exceed 20 km/h in front of the school during peak traffic times when large numbers of learners are moving around. Please do not make U-turns in front of the school! Simply drive further down the street—there are plenty of alternative routes. Let's all be responsible in creating a safe traffic environment.

Once again, a heartfelt thank you to every parent for your involvement and unwavering support. Together, we can create and offer the best possible opportunities for our children.
We learn! We live! We lead!

Ferdie regards

Mr M Smit
Principal

WEEKLY HOWL

Opkomende gebeure
Upcoming events

Maandag / Monday: 17/03	• **TYD / TIME: T** • **TOETSDAG / TEST DAY**
Dinsdag / Tuesday: 18/03	• **TYD / TIME: A** • Leerders verifieer punte / Learners verify marks. • 14:00 - Netbalproewe / Netball trials (Volkies)
Woensdag / Wednesday: 19/03	• **TYD / TIME: T** • **TOETSDAG / TEST DAY** • 17:30 - 20:00 Trivia-aand / Trivia night • LW Graad 10 (Skryf toets gedurende P3 en pouse) • LS Grade 10 (Writing test during P3 and break)
Donderdag / Thursday: 20/03	• **TYD / TIME: P** • **DETENSIE / DETENTION** • **Periodes ruil / Periods change: 1, 2, 4, 3, P, 5, 6, 7** • Rugby vriendskaplik teen HTS Klerksdorp (Tuis) / Friendly vs HTS Klerksdorp (Home)
Vrydag / Friday: 21/03	• **HUMAN RIGHTS DAY** • Ekstra klasse: Graad 12: GEO, BS, FW & RTT • Extra classes: Grade 12: GEO, BS, PSc & CAT • 08:30 - 14:00 - Hokkiekliniek / Hockey clinic
Saterdag / Saturday: 22/03	• 08:30 - Hokkiekliniek / Hockey clinic • Music-go-round rehearsal (dance) - Hall + SETH Hall
Sondag / Sunday: 23/03	

WEEKLY HOWL

Opkomende gebeure
Upcoming events

Maandag / Monday: 24/03	• **TYD / TIME: T** • Interact: Skenk klere aan SJGD / Donates clothes to SJGD • Toetse / Tests: BS (Grade/Grades 8, 9 and 10) • Graad 12 / Grade 12 AFR HT & AFR EAT ekstra klas tydens toetsperiode.
Dinsdag / Tuesday: 25/03	• **TYD / TIME: (SPESIALE TYD / SPECIAL TIME)** • **SAAL (EINDE VAN DIE DAG)** • **ASSEMBLY (END OF THE DAY)** • 17:30 Netball: 1st Team Capping / 1ste Span Inhuldiging
Woensdag / Wednesday: 26/03	• **TYD / TIME: P** • **POUSE: DETENSIE / DETENTION** • Hokkie 1ste Span / Hockey 1st Team: Koekverkope / Cake Sale • Rek & IT Olimpiade in pouse / Acc & IT Olympiad in break
Donderdag / Thursday: 27/03	• **TYD / TIME: A** • 07:00 BL-Dagbestuurvergadering / SGB Daily Management meeting. • 18:00 FK-vergadering / Financial Committee meeting • Netbal 1ste span / Netball 1st Team - Mosselbaaitoer / tour (vertrek / depart)
Vrydag / Friday: 28/03	• **SKOOL SLUIT / SCHOOL CLOSES** • **INTERACT: FERDIES FUN RUN / FERDIES PRETLOOP** • **09:00 - 10:00 - BOOGSKIETKOMPETISIE / ARCHERY COMPETITION** • Rugby: Oefenkamp / training camp (Juniors & Seniors) • Netbal 1ste span / Netball 1st Team - Mosselbaaitoer / tour
Saterdag / Saturday: 29/03	• Bergfiets / Mountain biking : NW XCM Cup (Thaba Trails JHB) • Rugby: Oefenkamp / training camp (Juniors & Seniors) • Netbal 1ste span / Netball 1st Team - Mosselbaaitoer / tour
Sondag / Sunday: 30/03	• Rugby: Oefenkamp / training camp (Juniors & Seniors) eindig op / ends: 31 March 2025 • Netbal 1ste span / Netball 1st Team - Mosselbaaitoer / tour - eindig / ends: 02 April 2025

WEEKLY HOWL

SETH

DATUM	GRAAD	TYD	SESSIE	LOKAAL
Ma. 17 Mar.	Gr. 8 Groep 2 / Group 2	13:30 - 15:50	Aviatech besoek / Aviatech visit	Aviatech
	Gr. 8 Groep 1 / Group 1	14:00 - 15:50	Nooddienste / Emergency services	T4
	Gr. 9	14:00 - 15:50	Navorsing: Chemieseselle / Research: Chemical cells	Lab
Tues. 18 Mar.	Gr. 11	14:00 - 15:50	Kleur-temperamentontleding	K47
	Gr. 10	14:00 - 14:50	Lees / Reading	K51
	Gr. 10	15:00 - 15:50	Wiskunde / Mathematics	T4
	Gr. 10	15:00 - 15:50	Alpha Wiskunde Kwartaaltoets / Alpha Mathematics Term test	T1
	Gr. 12	15:00 - 15:50	Alpha Wiskunde / Alpha Mathematics	K49
Wo. 19 Mar.	Gr. 8 (Afr)	14:00 - 14:50	Wiskunde / Mathematics	T4
	Gr. 8 (Eng)	14:00 - 14:50	Wiskunde / Mathematics	K35
	Gr. 9 (Afr)	14:00 - 14:50	Wiskunde / Mathematics	T1
	Gr. 9 (Eng)	14:00 - 14:50	Wiskunde / Mathematics	K33

WEEKLY HOWL

SETH

DATUM	GRAAD	TYD	SESSIE	LOKAAL
Thurs. 20 Mar.	Gr. 10	13:30 - 15:50	NWU Kadawer-Lab besoek / NWU Cadaver Lab visit	NWU
	Gr. 11	14:00 - 14:50	Lees / Reading	K51
	Gr. 11	15:00 - 15:50	Wiskunde / Mathematics	T1
	Gr. 11	15:00 - 15:50	Alpha Wiskunde / Mathematics	K49

NWU®
SETH ACADEMY AKADEMIE

WEEKLY HOWL

SETH

DATUM	GRAAD	TYD	SESSIE	LOKAAL
Ma. 24 Mar.	Gr. 8 Groep 1 & 2 / Group 1 & 2	13:30 - 15:50	Wateranalise / Water Analysis	Van Rooy Str.
	Gr. 9	14:00 - 15:50	Wiskundespeletjie / Mathematics Game	K47
Tues. 25 Mar.	Gr. 11	Geen SETH / No SETH		
	Gr. 10	Geen SETH / No SETH		
	Gr. 12	Geen SETH / No SETH		
Wo. 26 Mar.	Gr. 8 (Afr)	14:00 - 14:50	Wiskunde / Mathematics	T4
	Gr. 8 (Eng)	14:00 - 14:50	Wiskunde / Mathematics	K35
	Gr. 9 (Afr)	14:00 - 14:50	Wiskunde / Mathematics	T1
	Gr. 9 (Eng)	14:00 - 14:50	Wiskunde / Mathematics	K33
Do. 27 Mar.	Gr. 11	Geen SETH / No SETH		
	Gr. 10	Geen SETH / No SETH		
	Gr. 12	Geen SETH / No SETH		

NWU®
SETH ACADEMY AKADEMIE

WEEKLY HOWL

Blokrooster

KWARTAAL 1/ TERM 1 - 2025	
TYD/ TIME	**MAANDAG/MONDAY**
14:00-14:50 [Blok/Block 1]	GR.8 - SETH Opsie 1 /Option 1 [S. Strydom; J. Richards; M. Geldenhuys; C. Ford]
	GR.9 - SETH Opsie 1 & 4/ Option 1 & 4 [J. Erasmus]
	GR.12 - Wisk. Ekstra/ Maths Extra (Eng) [M. de Wet]
	GR.12 - Eng. HL Orals [C. Roux]
15:00-15:50 [Blok/Block 2]	GR.8 - SETH Opsie 1 /Option 1 [S. Strydom; J. Richards; M. Geldenhuys; C. Ford]
	GR.9 - SETH Opsie 1 & 4/ Option 1 & 4 [J. Erasmus]
	GR.12 - LW Ekstra/ LS Extra [S. Meiring]
	GR.10-12 - Eng. Olympiad [C. Roux]
	GR.10-12 - Rugby (1stes) [D. Serfontein]
	GR.10-12 - Netbal/ Netball [M. Thaele (1stes); L. Rossouw (2des); S. Delport (3des)]
	GR.10-12 - Meisies hokkie /Girls hockey [A. Knoesen (1stes); M. Rush (2des)]
	GR.10-12 - Seunshokkie/ Boys hockey [C. Louw (1stes); J. Walstrand (o/16)]
16:00-16:50 [Blok/Block 3]	GR.8-12 - Landloop/Cross-country [J. Rosin]
	GR.10-12 - Netbal/ Netball [M. Thaele (1stes); L. Rossouw (2des); S. Delport (3des)]
	GR.10-12 - Rugby (1stes) [D. Serfontein]
	GR.10-12 - Meisies hokkie /Girls hockey [A. Knoesen (1stes); M. Rush (2des)]
	GR.10-12 - Seunshokkie/ Boys hockey [C. Louw (1stes); J. Walstrand (o/16)]
	GR.8-12 - Boogskiet / Archery [W. Odendaal]
	GR.8-12 - Afr. Toneel
17:00-17:50 [Blok/Block 4]	GR.8-12 - Afr. Toneel
	GR.8-12 - Boogskiet / Archery [W. Odendaal] **tot 17:30**

KWARTAAL 1/ TERM 1 - 2025	
TYD/ TIME	**DINSDAG/TUESDAY**
14:00-14:50 [Blok/Block 1]	GR.10 - SETH Opsie 1 & 2/Option 1 & 2 (Verryking/ Enrichment) [W. Walters; T. Hohowsky]
	GR.11 - SETH Opsie 1 & 4/ Option 1 & 4 [N. Botma]
	GR.12 - RTT Ekstra/CAT Extra (Groep 1) [S. Dupper]
	GR.12 - Rek. Ekstra / Acc. Extra [W. Walters]
	GR.8-9 - Eng. Olympiad [C. Roux]
	GR.8-9 - Rugby (o/15) [D. Weyers]
	GR.8-9 - Netbal/ Netball [W. Bezuidenhout (o/14); M. de Wet (o/15)]
15:00-15:50 [Blok/Block 2]	GR.10 & 12 - SETH Opsie 1, 2 & 3/Option 1, 2 & 3 (Verryking/ Enrichment) [A. van den Heever; W. Odendaal; V. vd Merwe; C. Strauss; M. van As]
	GR.11 - SETH Opsie 1 & 4/ Option 1 & 4 [N. Botma]
	GR.12 - RTT Ekstra/CAT Extra (Groep 2) [S. Dupper]
	GR.8-12 - Skaak/ Chess [W. Walters]
	GR.8-9 - Netbal/ Netball [W. Bezuidenhout (o/14); M. de Wet (o/15)]
	GR.8-9 - Rugby (o/15) [D. Weyers]
	GR.8-9 - Dogtershokkie/ Girls hockey (o/15) [S. Meiring]
	GR.8-9 - Seunshokkie/ Boys hockey (o/15) [S. du Plessis]
	GR.8-9 - Eng. Play [C. Roux; K. Labuschagne]
16:00-16:50 [Blok/Block 3]	Gr.8-9 - Eng. Play [C. Roux; K. Labuschagne]
	Gr.8-12 - Eng. Debate [M. Thaele]
	GR.8-12 - Skaak/ Chess [W. Walters]
	GR.8-9 - Dogtershokkie/ Girls hockey (o/15) [S. Meiring]
	GR.8-9 - Seunshokkie/ Boys hockey (o/15) [S. du Plessis]
17:00-17:50 [Blok/Block 4]	Gr.8-12 - Eng. Debate [M. Thaele] **to 17:30**

WEEKLY HOWL

Afternoon Activities Timetable

KWARTAAL 1/ TERM 1 - 2025

TYD/ TIME	WOENSDAG/WEDNESDAY
14:00-14:50 [Blok/Block 1]	GR.8 & 9 - SETH Opsie 1 & 2/Option 1 & 2 (Wiskunde) [A. van den Heever; V. vd Merwe; C. Strauss; M. van As]
	GR.11 - Wiskunde Ekstraklas/Mathematics Extra classes (Afr & Eng)
	GR.12 - FW Ekstra/PS Extra (Afr & Eng) [M. Boshoff]
	GR.12 - Eng. HL Orals [C. Roux]
15:00-15:50 [Blok/Block 2]	GR.12 - Eng. HL Orals [C. Roux]
	GR.10-12 - Meisies hokkie /Girls hockey [A. Knoesen (1stes); M. Rush (2des)]
	GR.10-12 - Netbal/ Netball [M. Thaele (1stes); L. Rossouw (2des); S. Delport (3des)]
	GR.10-12 - Rugby (1stes) [D. Serfontein]
	GR.10-12 - Seunshokkie/ Boys hockey [C. Louw (1stes); J. Walstrand (o/16)]
16:00-16:50 [Blok/Block 3]	GR.10-12 - Netbal/ Netball [M. Thaele (1stes); L. Rossouw (2des); S. Delport (3des)]
	GR.10-12 - Rugby (1stes) [D. Serfontein]
	GR.10-12 - Meisies hokkie/ Girls hockey [A. Knoesen (1stes); M. Rush (2des)]
	GR.10-12 - Seunshokkie/ Boys hockey [C. Louw (1stes); J. Walstrand (o/16)]
	GR.10-12 - Eng. Play [C. Roux; K. Labuschagne]
17:00-17:50 [Blok/Block 4]	GR.8-12 - Koor [C. Ford] **17:15 tot 18:30**
	GR.10-12 - Eng. Play [C. Roux; K. Labuschagne]

KWARTAAL 1/ TERM 1 - 2025

TYD/ TIME	DONDERDAG/THURSDAY
14:00-14:50 [Blok/Block 1]	GR.10 & 12 - SETH Opsie 1 & 4/ Option 1 & 4 [S. Dupper; M. Boshoff]
	GR.11 - SETH Opsie 1 & 2/Option 1 & 2 (Verryking/ Enrichment) [W. Walters; T. Hohowsky]
	GR.12 - LW Ekstra/ LS Extra [S. Meiring]
	GR.8-9 - Netbal/ Netball [W. Bezuidenhout (o/14); M. de Wet (o/15)]
	GR.8-12 - Landloop / Cross-country [J. Rosin]
15:00-15:50 [Blok/Block 2]	GR.10 & 12 - SETH Opsie 1 & 4/ Option 1 & 4 [S. Dupper; M. Boshoff]
	GR.11 - SETH Opsie 1,2 & 3/Option 1, 2 & 3 (Verryking/ Enrichment) [W. Odendaal; A. van den Heever; V. vd Merwe; C. Strauss; M. van As]
	GR.8-9 - Netbal/ Netball [W. Bezuidenhout (o/14); M. de Wet (o/15)]
	GR.8-9 - Rugby (o/15) [D. Weyers]
	GR.8-9 - Dogtershokkie/Girls hockey (o/15) [S. Meiring]
	GR.8-9 - Seunshokkie/ Boys hockey (o/15) [S. du Plessis]
16:00-16:50 [Blok/Block 3]	GR.8-12 - Eng. Debate [M. Thaele]
	GR.8-9 - Rugby (o/15) [D. Weyers]
	GR.8-9 - Dogtershokkie/Girls hockey (o/15) [S. Meiring]
	GR.8-12 - Boogskiet / Archery [W. Odendaal]
	GR.8-9 - Seunshokkie/ Boys hockey (o/15) [S. du Plessis]
	GR.8-12 - Interact [J. Rosin & L. Rossouw]
17:00-17:50 [Blok/Block 4]	GR.8-12 - Eng. Debate [M. Thaele] **to 17:30**
	GR.8-12 - Boogskiet / Archery [W. Odendaal] **tot 17:30**

TROPSAKE PACK MATTERS

FERDIES SE NUWE PERSONEEL LÊ DIE BEROEPSBELOFTE AF.

Ferdies se nuwe personeel het Dinsdagoggend voor die leerders tydens n saalbyeenkoms hulle beroepsbelofte afgelê.
Ons is ongelooflik dankbaar vir ons bekwame personeel wat nie net onderrig nie, maar ook as rolmodelle dien!

FERDIES STAFF OATH

Ferdies staff members who had not yet taken their professional oath did so on Tuesday morning in the presence of the learners.
We are incredibly grateful for our skilled staff who do not only teach but also serve as role models!

TROPSAKE PACK MATTERS

FERDIES BOOGSKIETSPAN SE PRESTASIE BY LEKWENA WILDLIFE RESORT

Ferdies se boogskietspan het die naweek deelgeneem aan die kompetisie by Lekwena Wildlife Resort en het ongelooflike resultate behaal!

🥉 Spanresultate:
3de plek met 'n spantelling van 3120!
Gemiddeld van 260 per skut vir die top 12-skuts wat die spanpunt gemaak het.
Ons is ongelooflik trots op elkeen wat die span verteenwoordig het!

FERDIES ARCHERY TEAM'S PERFORMANCE AT LEKWENA WILDLIFE RESORT

Our Ferdies archery team participated in the competition at Lekwena Wildlife Resort this past weekend and achieved incredible results!

🥉 Team Results:
3rd place with a team score of 3120!
An average of 260 per archer for the top 12 archers who contributed to the team score.
We are incredibly proud of everyone who represented the team!

TROPSAKE PACK MATTERS

Potchefstroom Society PAWS Animal Welfare
Whether it's feathers or fur, paws or claws, all animals matter.

FERDIES SE INTERACT GROEP GEE TERUG AAN DIE GEMEENSKAP!

Ferdies se Interact-groep het onlangs PAWS (Pets And Animal Welfare Society) besoek om met die honde te stap en te speel. Ons het komberse, hondekos, en katkos geskenk om die diere te ondersteun.

Deur sulke aksies gee ons terug aan die gemeenskap en maak 'n verskil!

FERDIES INTERACT GROUP GIVES BACK TO THE COMMUNITY

Our Ferdies Interact group recently visited PAWS (Pets And Animal Welfare Society) to walk the dogs. We donated blankets, dog food, and cat food to support the animals.

Through actions like these, we give back to the community and make a difference!

TROPSAKE PACK MATTERS

NWU® SETH ACADEMY AKADEMIE

SETH – WEEK 3 VAN 2025

Die **graad 8** SETH-leerders het hulle eerste van twee ingenieurswese projeksessies gehad, waartydens hulle meer van die ingenieursproses geleer het. Hulle moes 'n skêrhyser bou. Die week wat kom gaan hulle die projekte uittoets en aanpassings maak waar nodig.

SETH – WEEK 3 OF 2025

The **grade 8** SETH learners had their first of two engineering project sessions, during which they learned more about the engineering process. They had to build a scissor lift. In this coming week they will test the projects and make adjustments where necessary.

TROPSAKE PACK MATTERS

NWU® SETH ACADEMY AKADEMIE

SETH – WEEK 3 VAN 2025

Die **graad 9** SETH-leerders het dié week meer blootstelling gekry aan kommunikasie in die besigheidsektor. Met ‘n lekker speletjie het hulle meer gehoor van vraag-en-aanbod. Dankie Mnr. Janu Fouché vir jou kennis en tyd wat jy jaarliks met die SETH-leerders deel.

SETH – WEEK 3 OF 2025

The **grade 9** SETH learners got more exposure to communication in the business sector this week. With an exciting game, they learned more about supply and demand. Thank you Mr Janu Fouché for your knowledge and time that you share with the SETH learners every year.

TROPSAKE PACK MATTERS

NWU FACULTY OF ENGINEERING – WEEK 3 VAN 2025

Here's a sneak peek from yesterday (12 March 2025)
Our faculty had the opportunity to engage with some bright and eager learners during the Science, Engineering, Health, and Technology (SETH) programme at Hoërskool.Ferdinand Postma.High School, facilitated by our School of Chemical and Minerals Engineering.
This incredible initiative is designed to introduce Grade 9 students to the exciting world of Science and Chemistry, paving the way to future STEM career opportunities!

TROPSAKE PACK MATTERS

SETH – WEEK 3 VAN 2025

Die **graad 10** SETH-leerders het Pieters Melkplaas besoek. Dit was 'n lekker sessie en die leerders kon meer leer oor die prosesse om 'n melkplaas te bestuur. 'n Bonus was natuurlik die kalfies waaraan hulle kon raak. Die SETH-leerders het die sessie weereens baie geniet en baie geleer!

SETH – WEEK 3 OF 2025

The **grade 10** SETH learners visited Pieters Dairy Farm. It was an enjoyable session, and the learners were able to learn more about the processes of running a dairy farm. A bonus was of course the calves they could engage with. The SETH learners once again really enjoyed the session and learned a lot!

TROPSAKE PACK MATTERS

SETH – WEEK 3 VAN 2025

Die **graad 11** SETH-leerders het dié week hulle tweede Biochemie-sessie gehad. Prof. Zander Lindeque was die aanbieder. Die leerders het meer van metaboliese afwykings geleer en het 'n praktiese oefening in spanverband gedoen, waar hulle uit urinemonsters die afwykings moes bepaal. Die sessie was baie leersaam en het gesorg vir baie interessante oomblikke.

SETH – WEEK 3 OF 2025

The **grade 11** SETH learners had their second Biochemistry session this week. Prof. Zander Lindeque was the presenter. The learners learned more about metabolic disorders and did a practical assignment within a team context, where they had to determine the disorders from testing urine samples. The session was very informative and made for many interesting moments.

TROPSAKE PACK MATTERS

FERDIES SE SWEMSPAN PRESTEER BY DIE NW-SKOOLKAMPIOENSKAPPE

Ferdies se talentvolle swemspan het 'n ongelooflike naweek gehad by die NW-skoolkampioenskappe! Hier is hul besonderse resultate:

GITE DE WITT U15

- 🥈 50m Vlinderslag
- 🥈 200m Rugslag
- 🥈 200m Vryslag

MIA PUTTER U14

- 🥇 100m Borsslag
- 🥇 50m Borsslag
- 🥈 50m Vlinderslag
- 🥈 200m Borsslag
- 🥉 100m Vryslag

CAMERON CALDER U17

- 🥇 50m Rugslag
- 🥇 200m Rugslag
- 🥈 100m Rugslag
- 🥉 400m Vryslag
- 🥉 200m Vryslag

NIEKI ERASMUS U16

- 🥉 50m Borsslag
- 🥉 100m Rugslag
- 🥉 50m Vryslag

Ons is ongelooflik trots op al ons swemmers vir hul harde werk en toewyding!

TROPSAKE PACK MATTERS

TROPSAKE PACK MATTERS

HOKKIE / HOCKEY

Ons eerstehokkiespan dogters het die naweek teen Jeppe High School for Girls gespeel. Die meisies het pragtig gespeel en dit was werklik 'n wedstryd om te aanskou!

Ons is ongelooflik trots op julle en sien uit na die seisoen wat voorlê!

Our Girls First Hockey team played against Jeppe High School for Girls this past weekend. The girls played beautifully, and it was truly a game to watch!

We are incredibly proud of you and look forward to the season ahead!

TOEKENNING VIR AKADEMIESE UITNEMENDHEID IN WISKUNDIGE GELETTERDHEID.

AWARD FOR ACADEMIC EXCELLENCE IN MATHEMATICAL LITERACY.

SERVI ET ASPIRA

FERDIES BEHAAL UITNEMENDHEID IN WISKUNDIGE GELETTERDHEID

Ferdies is een van slegs twee skole in Noordwes wat deur die Nasionale Departement van Onderwys vereer is met 'n toekenning van akademiese uitnemendheid in Wiskundige Geletterdheid. Die matriekgroep van 2024 het 'n vakgemiddeld van meer as 75% behaal!

Me. Wika Bezuidenhout (vakonderwyser) het die toekenning ontvang van Me. Nomsa Motshoane (CES: Provinsiaal), Me. Janina Barlow (SES: Matlosana) en Me. Lerato Moseki (SES: JB Marks).

Ons is ongelooflik trots op ons kundige personeel en toegewyde leerders!

TROPSAKE PACK MATTERS

RUGBY

Ferdies se rugbyspanne het teen HTS Potchefstroom gespeel en dit was ‘n suksesvolle dag! Die eerstespan het 'n indrukwekkende 26-10 oorwinning behaal, terwyl die O/15-span 'n spannende wedstryd 17-12 gewen het!

Die seuns het elke oomblik geniet en ons is so trots op hulle harde werk en prestasies!

Ferdie's rugby teams played against HTS Potchefstroom, and what a successful day it was! The first team achieved an impressive 26-10 victory, while the O/15 team won with a thrilling 17-12!

The boys enjoyed every moment, and we are so proud of their hard work and achievements!

TROPSAKE PACK MATTERS

RUGBY

1STE SPAN / 1ST TEAM

TROPSAKE PACK MATTERS



HOKKIE / HOCKEY

Baie Dankie aan **Vanderhoff Park Pick n Pay**!
Ferdies wil graag spesiaal dankie sê aan **Vanderhoff Park Pick n Pay** vir hul ongelooflike ondersteuning met ons Hokkie se fondsinsameling! Hulle het vir ons die geleentheid gebied om worsbroodjies by die winkel te verkoop en dit het 'n groot verskil gemaak.

'n Groot dankie ook aan elke onderwyser, ouer en leerder wat die dag 'n groot sukses gemaak het, sowel as elke ondersteuner wat gehelp het om dit 'n dag van goeie gees en spanwerk te maak!

Ons is so dankbaar vir julle almal!

A Big Thank You to **Vanderhoff Park Pick 'n Pay**!

Ferdies would like to pay special thanks to **Vanderhoff Park Pick 'n Pay** for their incredible support of our Hockey fund-raiser! They allowed us to sell boerewors rolls at their store, and it made a huge difference.

A big thank you also to every teacher, parent, and learner who made the day such a success. Thank you also to every supporter who helped make it a day filled with good spirit and teamwork!

We are so grateful to all of you!

TROPSAKE PACK MATTERS



HOKKIE / HOCKEY

SPAR BAILLIE PARK

Baie Dankie aan **Baillie Park Spar**!

Ferdies wil graag spesiaal dankie sê aan **Baillie Park Spar** vir hul ongelooflike ondersteuning met ons Hokkie se fondsinsameling! Hulle het vir ons die geleentheid gebied om worsbroodjies by die winkel te verkoop en dit het 'n groot verskil gemaak.
'n Groot dankie ook aan elke onderwyser, ouer en leerder wat die dag 'n groot sukses gemaak het, sowel as elke ondersteuner wat gehelp het om dit 'n dag van goeie gees en spanwerk te maak!

Ons is so dankbaar vir julle almal!



A Big Thank You to **Baillie Park Spar**!

Ferdies would like to pay special thanks to **Baillie Park Spar** for their incredible support with our Hockey fundraiser! They gave us the opportunity to sell boerewors rolls at their store, and it made a huge difference.

A big thank you also to every teacher, parent, and learner who made the day such a success. Thank you also to every supporter who helped make it a day filled with good spirit and team work!

We are so grateful to all of you!

TROPSAKE PACK MATTERS

KRIEKET / CRICKET

Ferdies se nuwe Krieket Oval!

Ons is opgewonde om julle in kennis te stel dat Ferdies besig is met 'n splinternuwe krieket oval! Dit is een van die verskeie opwindende projekte wat ons tans by die skool doen. Ons werk hard om 'n fasiliteit te skep wat ons spelers sal help om te groei en te blom!

Hou hierdie spasie dop, want daar gaan baie opwindende dinge volg!

As jy wil deel wees van ons projekte en 'n positiewe verskil wil maak, stuur gerus 'n epos na chat@ferdies.co.za. Ons sal graag wil hoor van jou!

Ferdies' New Cricket Oval!

We are excited to announce that Ferdies is working on a brand-new cricket oval! This is one of the many exciting projects we are currently working on at the school. We are working hard to create a facility that will help our athletes grow and thrive!

Keep an eye on this space, because many exciting things are on the way!

If you would like to be part of our projects and make a positive impact, feel free to send an email to chat@ferdies.co.za. We'd love to hear from you!

TROPSAKE PACK MATTERS

WHAT YOU CAN DONATE

Toothpaste, Toothbrush,Soap, Shampoo, Shower gel,Deodorant, Sanitary Items (Pads etc)

TROPSAKE PACK MATTERS

The MySchool programme was initially founded for parents who wanted to help their child's school raise more funds in an easy and sustainable manner.
Over the 24 years of our existence, we have expanded to help parents as well as anyone else who would like to raise funds for schools and education. MySchool strongly supports and encourages quality learning in South Africa, through various schools and charity organisations. We aim to ensure that all children have access to the education excellence they deserve.

Die MySchool-program is aanvanklik gestig vir ouers wat hul kind se skool op 'n maklike en volhoubare manier wou help om meer fondse in te samel.
Oor die afgelope 24 jaar van ons bestaan het ons uitgebrei om nie net ouers nie, maar ook enigiemand anders wat fondse vir skole en onderwys wil insamel, te ondersteun. MySchool ondersteun en bevorder sterk gehalte-onderrig in Suid-Afrika deur verskeie skole en liefdadigheidsorganisasies. Ons streef daarna om te verseker dat alle kinders toegang het tot die onderwys-uitnemendheid wat hulle verdien.

ELKE KEER AS JY JOU KAART SWIPE, WORD 'N GEDEELTE VAN JOU BESTEDING TERUGGEGEE AAN JOU GEKOSE DOEL.
Ons vennote skenk namens jou, uit die bedrag wat jy spandeer het.
Sluit GRATIS aan
Kies tot 3 instansies wat jy wil ondersteun
Koop en swipe by ons vennote

EVERY TIME YOU SWIPE YOUR CARD, A PORTION OF WHAT YOU SPEND IS GIVEN BACK TO YOUR CHOSEN CAUSE. Our partners donate on your behalf, from the amount you have spent.
Join for FREE
Select up to 3 causes you want to support
Shop and swipe at our partners

SCAN ME!

PROJEK VIR DIE VOLGENDE 2 MAANDE
PROJECT FOR THE FOLLOWING 2 MONTHS

Ons wil graag die onderste deel van die “deck” omskep in 'n kleedkamer vir die eersterugbyspan. Ons mik daarna om die projek betyds voor ons groot Classic Clash af te handel. Enige bydrae of donasie sal opreg waardeer word.



We would like to convert the lower part of the deck into a locker room for the first rugby team. We aim to complete the project in time for our big Classic Clash. Any contribution or donation will be sincerely appreciated.

<u>BANKBESONDERHEDE</u>:
Hoërskool Ferdinand Postma
FNB (Tjek)
Rekeningnommer: 627 812 77093
Takkode: 250 655
VERW: RUGDK01

<u>BANK DETAILS</u>:
Ferdinand Postma High School
FNB (Cheque)
Account Number: 627 812 77093
Branch Code: 250 655
REFERENCE: RUGDK01

Indien jy meer betrokke wil raak, kontak gerus vir mnr. Serfontein by 082 654 5296 of <u>dserfontein@ferdies.co.za</u>

If you would like to get more involved, feel free to contact Mr Serfontein at 082 654 5296 or <u>dserfontein@ferdies.co.za</u>

WOLWEDEN

Liewe Ferdies Ouers, Studente en Vriende,
Pick n Pay Vanderhoff Park is trots om die Ferdies-lojaliteitsprogram aan u voor te stel!

Plaas asseblief u kasregisterstroke vir alle aankope wat by u Vanderhoff Park-winkel gedoen is in die posbus gemerk met ons skool se logo. Deur dit te doen, help u om fondse vir Ferdies in te samel, aangesien Vanderhoff belowe om 2% van alle geld wat bestee is, aan u skool terug te gee in die vorm van 'n kwartaallikse kontantterugbewys. Ferdies kan hierdie bewys dan gebruik om kruideniersware en ander noodsaaklike goedere aan te koop.

Deur by Vanderhoff inkopies te doen, trek u ook voordeel uit PnP se klantelojaliteitstelsel! Veeg eenvoudig u Smart Shopper-kaart en maak gebruik van PnP se Brand Match-stelsel. Vra asseblief in die winkel vir meer besonderhede.

Pick n Pay Vanderhoff Park – Laat ons familie na u familie, skool en gemeenskap omsien.

Dear Ferdies Parents, Students, and Friends,
Pick n Pay Vanderhoff Park is proud to present the Ferdies Loyalty Programme!

Please post your till slips for all shopping done at your Vanderhoff Park store in the postbox marked with our school's logo. By doing so, you can help raise funds for Ferdies, as Vanderhoff pledges to give 2% of all money spent back to your school in the form of a quarterly cashback voucher. Ferdies can then use this voucher to purchase groceries and other essential goods.

By shopping at Vanderhoff, you also benefit from PnP's customer loyalty system! Simply swipe your Smart Shopper card and take advantage of PnP's Brand Match System. Please ask in-store for more details.

Pick n Pay Vanderhoff Park – Let our family look after your family, school, and community.

WOLF TERRITORY

ADVERTEER HIER / ADVERTISE HERE:

Kontak / Contact: Valerie Potgieter

admin@ferdies.co.za

ROUAN **KNOESEN**

BIOKINETICIST

082 777 4937

Rouan Knoesen Biokineticist is here to help you achieve your goals.
We offer personalised exercise programmes designed to address your specific needs and help you:
* Reduce pain and inflammation
* Improve strength and flexibility
* Enhance balance and coordination
* Recover from injuries faster
* Prevent future injuries
* Optimise athletic performance
* Improve your quality of life

Whether you're a seasoned athlete, a weekend warrior, or just starting your fitness journey, I'll work with you to create a tailored plan that gets you moving and feeling your best.

Call to Action:
Take the first step towards a healthier, more active you. Contact Rouan Knoesen Biokineticist today for a consultation.

Contact Information:
Rouan Knoesen Biokineticist
082 777 4937



ROUAN KNOESEN

OWNER / SENIOR BIOKINETICIST

"Excuses make today easy, but tomorrow hard"